


NET EK KAN SÊ WAT MY LIGGAAM WIL HÊ! STOP SEKSUELE MISHANDELING!

STOP! HARDOOP! VERTEL! RAPPOTEER DIT!

STOP SEKSUELE MISHANDELING!



HOU OP OM MY
AANTE RAAK!



HARDOOP!



VERTEL!



PRAAT MET OUERS
EN OPVOEDERS



RAPPOTEER DIT AAN DIE POLISIE

DIT IS ALMAL SEVERANTWOORDELIKHEID
OM SEKSUELE MISHANDELING TE STOP




RAPPOTEER
MISHANDELAARS
EN LAAT DIE
GEREG MET HULLE
AFREKEN!



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



ISBN 978-1-4315-0221-9



9 781431 502219

WISKUNDE IN AFRIKAANS
GRAAD 7 – BOEK 2 • KWARTAAL 3 & 4

ISBN 978-1-4315-0221-9
DIE BOEK IS NIE TE KOOP NIE.

10de Uitgawe

WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 7 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0221-9

Hersien volgens
die KABV



Naam:

Klas:



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Graad 7

WISKUNDE IN
AFRIKAANS

Boek 2

Kwartaal
3 & 4

No.	Onderwerp	Bladsy
65	Numeriese patrone: konstante verskil	2
66	Numeriese patrone: konstante verhouding	4
67	Numeriese patrone: nóg 'n konstante verskil, nóg 'n konstante verhouding	6
68	Numeriese patrone: tabelle	8
69	Getalrye en woorde	10
70	Geometriese getallepatrone	12
71a	Numeriese patrone: beskryf 'n patroon	14
71b	Numeriese patrone: beskryf 'n patroon (vervolg)	16
72	Inset- en uitsetwaardes	18
73	Funksies en verhoudings	20
74	Algebraiese uitdrukkings en vergelykings	22
75	Algebraiese uitdrukkings	24
76	Nog algebraiese uitdrukkings	26
77	Algebraiese vergelykings	28
78	Nog algebraiese vergelykings	30
79	Algebraiese vergelykings in konteks	32
80a	Interpretasie van grafieke: temperatuur - en tydgrafieke	34
80b	Interpretasie van grafieke: temperatuur - en tydgrafieke (vervolg)	36
81	Interpretasie van grafieke: reënval - en tydgrafieke	38
82	Teken grafieke	40
83a	Teken meer grafieke	42
83b	Teken meer grafieke (vervolg)	44
84	Nog meer teken grafieke	46
85	Nog steeds meer teken grafieke	48
86	Weer transformasies	50
87	Rotasies	52
88	Translasie	54
89	Refleksie en reflektiewe simmetrie	56
90	Transformasies	58
91	Ondersoek	60
92	Vergroting en verkleining	62
93	Nog vergroting en verkleining	64
94	Vergrotings en verkleinings	66
95	Prismas en piramiedes	68
96	3-D voorwerpe	70
97	Die bou van 3-D modelle	72
98	Visualiseer 3-D voorwerpe / Speel 'n spel	74
99	Vlakke, rande en hoekpunte	76
100	Nog vlakke, hoekpunte en kante	78
101	Selfs meer oor vlakke, rande en hoekpunte	80
102a	Aansigte	82
102b	Aansigte (vervolg)	84
103	Konstrueer 'n piramide-net	86
104	Konstrueer die net vir 'n prisma	88
105	Heelgetalle	90
106	Nog heelgetalle	92
107	Bereken heelgetalle	94
108	Bewerkings met heelgetalle	96
109	Optelling en aftrekking van heelgetalle	98
110	Bereken heelgetalle	100
111	Kommutatiewe eienskap en heelgetalle	102
112	Assosiatiewe eienskap en heelgetalle	104
113	Heelgetalle: distributiewe eienskap en heelgetalle	106
114	Getallepatrone: konstante verskil en verhouding	108
115	Getallepatrone: nóg 'n konstante verskil nóg 'n konstante verhouding	110
116	Getalrye en getallewoorde	112

No.	Onderwerp	Bladsy
117a	Getalrye: beskryf 'n patroon	114
117b	Getalrye: beskryf 'n patroon (vervolg)	116
118a	Inset- en uitsetwaardes	118
118b	Inset- en uitsetwaardes (vervolg)	120
119	Meer oor inset- en uitsetwaardes	122
120	Algebraiese uitdrukkings	124
121	Die reël as 'n uitdrukking	126
122	Rye en algebraiese uitdrukkings	128
123	Die algebraiese vergelyking	130
124	Meer oor die algebraiese vergelyking	132
125	Nog algebraiese vergelykings	134
126a	Data-insameling	136
126b	Data-insameling (vervolg)	138
127a	Organiseer data	140
127b	Organiseer data (vervolg)	142
128a	Som data op	144
128b	Som data op (vervolg)	146
129a	Staaftafel	148
129b	Staaftafel (vervolg)	150
130a	Dubbele staaftafel	152
130b	Dubbele staaftafel (vervolg)	154
131a	Histogramme	156
131b	Histogramme (vervolg)	158
132a	Meer oor histogramme	160
132b	Meer oor histogramme (vervolg)	162
133	Sirkeldiagramme	164
134a	Maak data bekend	166
134b	Maak data bekend (vervolg)	168
135	Datahanteringsiklus	170
136	Datahanteringsiklus (vervolg)	172
137	Moontlike uitkomst	174
138	Definisie van waarskynlikheid	176
139	Relatiewe frekwensie	178
140	Waarskynlikheid en relatiewe frekwensie	180
141a	Hersiening: getalle, bewerkings en verwantskappe	182
141b	Hersiening: patrone, funksies en algebra	184
142	Hersiening: vorm en ruimte (meetkunde of geometrie)	186
143	Hersiening: meting	188
144	Hersiening: datahantering	190

Inhoud



10de Uitgawe



Mev. Angie
Motshekga,
Minister van
Basiese Onderwys



Mnr. Enver Surty,
Adjunkminister
van Basiese
Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Tenth edition 2020

ISBN 978-1-4315-0221-9

This book may not be sold.

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.



Graad **7**

W i s k u n d e


DEEL
3

WERKBLAAIE
65 tot 144

Naam:


AFRIKAANS
Boek
2

Beskryf die patrone aangaande optelling en aftrekking wat in die getallelyn hieronder getoon word.




1. Beskryf elke patroon.

Voorbeeld:



Ons tel ses by 44 en kry 50, ons tel nog ses by 50 en kry 56. Ons trek nege van 62 af en kry 53. Ons trek nog nege af en kry 44.

a.




b.



c.




d.






e.



f.



2. Beskryf die reël vir elke patroon.

Voorbeeld: 27, 36, 45, 54, 63
 Reël: Tel 9 by of tel in 9s

a. 6; 14; 22; 30

b. 2; 6; 10; 14; 18

c. 13; 10; 7; 4; 1

d. 8; 13; 18; 23; 28

e. 5; 9; 13; 17; 21

f. -20; -15; -10; -5; 0

g. 7; 18; 29; 40; 51

h. 1; 9; 17; 25; 33

i. 4; 5; 6; 7; 8

j. -6; -4; -2; 0; 2

Deling

Die reël is "tel 11 by". Begin jou patroon by 35.


Tekem:

Datum:

Numeriese patrone: konstante verhouding


Beskryf die patroon.

2, 4, 8, 16, ...



Moenie haastig wees nie; dink goed na wanneer jy die patroon identifiseer.

Identifiseer die **konstante verhouding** tussen opeenvolgende terme. Jy kan dié patroon in jou eie woorde beskryf as "vermenigvuldiging van die voorafgaande getal met 2".



Onthou jy nog wat konstante verhouding beteken?

1. Beskryf die patroon.

Voorbeeld: 8, 32, 128, 512

$2 \times 4 = 8$
 $8 \times 4 = 32$
 $32 \times 4 = 128$
 $128 \times 4 = 512$

Vermenigvuldig die voorafgaande term met 4.

a. 2; 8; 32; 128; 512

b. 4; 12; 36; 108; 324

c. 6; 12; 24; 48; 96



d. 8; 40; 200; 1 000; 5 000

Blank writing area with a blue speech bubble on the right side.

e. 1; 6; 36; 216; 1 296

Blank writing area with a blue speech bubble on the right side.

f. 3; 9; 27; 81; 243

Blank writing area with a blue speech bubble on the right side.

g. 5; 20; 80; 320; 1 280

Blank writing area with a blue speech bubble on the right side.

h. 7; 42; 252; 1 512

Blank writing area with a blue speech bubble on the right side.

i. 9; 45; 225; 1 125


Blank writing area with a blue speech bubble on the right side.

j. 10; 20; 40; 80; 160

Blank writing area with a blue speech bubble on the right side.

Probleemoplossing

As die reël "aftrekking van 9" is, gee die eerste vyf terme van die ry en begin by 104.



Tekem:
Datum:



Numeriese patrone: nóg 'n konstante verskil, nóg 'n konstante verhouding

Wat is die verskil tussen konstante verskil en verhouding?

- konstante verskil, e.g. 21; 23; 25; 27; ...
- konstante verhouding, e.g. 2; 4; 8; 16; ...

Gun jouself genoeg tyd om die patroon te ontrafel.

Beskryf die patroon.


1; 2; 4; 7; 11; 16; ...

Wat sal die volgende drie terme wees as die geïdentifiseerde reël toegepas word?

Hierdie patroon het nie 'n konstante verskil of 'n konstante verhouding nie. Dit kan soos volg beskryf word: "vergroot elke keer die verskil tussen opeenvolgende terme met een" of "voeg een meer by as wat bygevoeg is om die voorafgaande term te kry".

1. Beskryf die patroon en trek 'n getallelyn om elk aan te dui.

Voorbeeld: 2; 4; 8; 14; 22



a. 8; 10; 14; 20; 28

b. 15; 12; 6; -3; -15

c. 3; 6; 10; 15; 21

d. 10; 9; 7; 4; 0



e. 6; 7; 9; 12; 16

Blank writing area for problem e.

Speech bubble for problem e.

f. 1; 3; 7; 15; 31

Blank writing area for problem f.

Speech bubble for problem f.

g. 13; 9; 4; -2; -9

Blank writing area for problem g.

Speech bubble for problem g.

h. 9; 14; 20; 27; 35

Blank writing area for problem h.

Speech bubble for problem h.

i. 24; 18; 13; 9; 6

Blank writing area for problem i.

Speech bubble for problem i.


j. 19; 20; 22; 25; 29

Blank writing area for problem j.

Speech bubble for problem j.

Probleemoplossing

Skep jou eie ry sonder 'n konstante verhouding.



Tekem:
Datum:



Verstrek 'n reël om die verhouding tussen die getalle in hierdie ry te beskryf:
2; 4; 6; 8; ... Gebruik die reël om die tiende term te vind.

Posisie in die ry	1	2	3	4		10
Waarde van term	2	4	6	8		?

Ons kan 'n ry in 'n tabel voorstel.

Die "tiende term" verwys na posisie 10 in die getallery. Jy moet 'n reël vind om die tiende term te bepaal, eerder as om tot by die tiende term met die ry voort te gaan. Jy moet raaksien dat elke term in die onderste ry verkry word deur die getal in die boonste ry te verdubbel. Twee maal 10 is 20. Die tiende term is dus 20.

1. Beskryf die patroon en teken 'n getallery om elkeen te wys.

Voorbeeld:

Posisie in die ry	1	2	3	4		10
Waarde van term	3	6	9	12		30
	1×3	2×3	3×3	4×3		10×3

- a.
- | | | | | | | |
|-------------------|---|---|----|----|--|----|
| Posisie in die ry | 1 | 2 | 3 | 4 | | 10 |
| Waarde van term | 4 | 8 | 12 | 16 | | |
| | | | | | | |
- b.
- | | | | | | | |
|-------------------|---|----|----|----|--|----|
| Posisie in die ry | 1 | 2 | 3 | 4 | | 10 |
| Term | 8 | 16 | 24 | 32 | | |
| | | | | | | |
- c.
- | | | | | | | |
|-------------------|----|----|----|----|--|----|
| Posisie in die ry | 1 | 2 | 3 | 4 | | 10 |
| Waarde van term | 12 | 24 | 36 | 48 | | |
| | | | | | | |
- d.
- | | | | | | | |
|-------------------|---|----|----|----|--|----|
| Posisie in die ry | 1 | 2 | 3 | 4 | | 10 |
| Waarde van term | 7 | 14 | 21 | 28 | | |
| | | | | | | |
- e.
- | | | | | | | |
|-------------------|---|----|----|----|--|----|
| Posisie in die ry | 1 | 2 | 3 | 4 | | 10 |
| Waarde van term | 5 | 10 | 15 | 20 | | |
| | | | | | | |

2. Voltooi die tabelle:

Voorbeeld: 5; 10; 15; 20. Posisie van die term $\times 5$.

Posisie in die ry	1	2	3	4		15
Waarde van term	5	10	15	20		75

a.

Posisie in die ry	1	2	3	4		20
Waarde van term	10	20	30	40		

b.

Posisie in die ry	1	2	3	4		28
Waarde van term	3	6	9	12		

c.

Posisie in die ry	1	2	3	4		
Waarde van term	8	16	24	32		150

d.

Posisie in die ry	1	2	3	4		100
Waarde van term	12	24	36	48		

e.

Posisie in die ry	1	2	3	4		
Waarde van term	15	30	45	60		280

f.

Posisie in die ry	1	2	3	4		50
Waarde van term	1	8	27	64		

Probleemoplossing

Thabelo bou 'n huis uit vuurhoutjies. As hy 400 vuurhoutjies in die eerste deel, 550 in die tweede en 700 in die derde deel gebruik, hoeveel vuurhoutjies sal hy nodig hê om die vierde deel te voltooi, indien die patroon voortgesit word?

Tekem:

Datum:

Kyk na hierdie patroon. Wat sal die 20^{ste} term wees?

4; 7; 10; 13; ...

As jy slegs die verhouding tussen opeenvolgende terme in ag neem, kan jy die patroon voortsit ("tel 3 by die voorafgaande getal") tot by die 20^{ste} term om die antwoord te verkry. As jy egter op soek is na 'n verhouding of reël tussen die term en die posisie van die term, kan jy die antwoord voorspel sonder om die patroon voort te sit. Dit is nuttig om getalrye te gebruik om die reël te verkry.

Eerste term: $4 = 3(1) + 1$

Tweede term: $7 = 3(2) + 1$

Derde term: $10 = 3(3) + 1$

Vierde term: $13 = 3(4) + 1$

Wat sal die 20^{ste} term wees?

Die getal tussen hakies stem ooreen met die posisie van die term in die ry.

1. Kyk na die volgende rye:

Beskryf die reël in jou eie woorde.

Bereken die 20^{ste} term deur 'n getalry te gebruik.

Voorbeeld: Getalry: 5; 7; 9; 11; ...

Reël in woorde: $2 \times$ die posisie van die term $+ 3$.

20^{ste} term: $(2 \times 20) + 3 = 43$

a. **Getalry: 2; 7; 12; 17; ...**

Reël:

20^{ste} term:

b. **Getalry: -8; -6; -4; -2; ...**

Reël:

15^{de} term:

c. **Getalry: -1; 2; 5; 8; ...**

Reël:

12^{de} term:

d. **Getalry: 6; 9; 12; 15; ...**

Reël:

19^{de} term:



e. **Getallery:** $-6; -2; 2; 6; \dots$

Reël:

18^{de} term:

f. **Getallery:** $7; 12; 17; 22; \dots$

Reël:

12^{de} term:

g. **Getallery:** $2; 5; 3; 3; 5; 4; \dots$

Reël:

21^{ste} term:

h. **Getallery:** $-3; -1; 1; 3; \dots$

Reël:

15^{de} term:

i. **Getallery:** $3; 7; 11; 15; \dots$

Reël:

14^{de} term:

j. **Getallery:** $14; 24; 34; 44; \dots$

Reël:

25^{ste} term:

Probleemoplossing


Miriam versamel plakkers vir haar plakker-album. As sy 4 plakkers op dag 1, 8 op dag 2, 16 op dag 3 en 32 op dag 4 versamel, hoeveel sal sy op dag 5 versamel as die patroon voortgesit word?

Helen speel op die eerste dag van die skoolvakansie 2 ure lank rekenaarspeletjies. Op die tweede dag speel sy 5 ure lank en op die derde dag speel sy 8 ure lank. Hoeveel ure sal sy op die vierde dag speel as sy sou aanhou om op dieselfde patroon te speel?

Tekem:

Datum:

Wat sien jy? Beskryf die patroon.



Moenie haastig wees nie. Beskou die patroon deeglik.



1. Skep die eerste drie terme van die volgende patrone met vuurhoutjies en teken dan die patrone in jou boek. Voltooi die tabelle.

a. Driehoekige patroon

Posisie van driehoek in patroon	1	2	3	4	5	6	7
Getal vuurhoutjies							

b. Vierkantige patroon

Posisie van vierkant in patroon	1	2	3	4	5	6	7
Getal vuurhoutjies							

c. Reghoekige patroon

Posisie van vierkant in patroon	1	2	3	4	5	6	7
Getal vuurhoutjies							

d. Pentagonale patroon

Posisie van pentagoon in patroon	1	2	3	4	5	6	7
Getal vuurhoutjies							

2. Kyk weer na werksblaaie 65 tot 70. Verduidelik die volgende en gee voorbeelde daarvan:

Numeriese getal patroon	<p>Het te make met optelling en aftrekking. Dit is 'n volgorde met 'n konstante verskil.</p>	<div style="border-bottom: 1px dashed black; height: 20px; width: 100%;"></div> <div style="border-bottom: 1px dashed black; height: 20px; width: 100%;"></div> <div style="border-bottom: 1px dashed black; height: 20px; width: 100%;"></div>
Geometriese getal patroon	<p>Het te make met vermenigvuldiging en deling. Dit is 'n volgorde met 'n konstante verhouding.</p>	<div style="border-bottom: 1px dashed black; height: 20px; width: 100%;"></div> <div style="border-bottom: 1px dashed black; height: 20px; width: 100%;"></div> <div style="border-bottom: 1px dashed black; height: 20px; width: 100%;"></div>

Probleemoplossing

Stel 'n oktagonale getalpatroon voor.

Tekem:


Datum:

Kyk na die voorbeeld en beskryf dit.

Tel 4 by die voorafgaande term.

4 maal die posisie van die term - 1

$4(n) - 1$, waar n die posisie van die term is.



Posisie in die ry	1	2	3	4
Term	3	7	11	15

$$1 \times 4 - 1$$

$$2 \times 4 - 1$$

$$3 \times 4 - 1$$

$$4 \times 4 - 1$$

Eerste term: $3 = 4(1) - 1$

Tweede term: $7 = 4(2) - 1$

Derde term: $11 = 4(3) - 1$

Vierde term: $15 = 4(4) - 1$

1. Beskryf die ry op verskillende maniere deur die gegewe sjabloon te gebruik.

a. 5; 11; 17; 23; ...

i)



ii)

Posisie in die ry	1	2	3	4
Waarde van term				



iii) , waar n die posisie van die term is.

Eerste term:


Tweede term:

Derde term:

Vierde term:

b. 5; 7; 9; 11; ...

i)



ii)

Posisie in die ry	1	2	3	4
Waarde van term	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

iii) , waar n die posisie van die term is.

Eerste term:


Tweede term:

Derde term:

Vierde term:

c. 10; 19; 28; 37; ...

i)



ii)

Posisie in die ry	1	2	3	4
Waarde van term	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

iii) , waar n die posisie van die term is.

Eerste term:

Tweede term:


Derde term:

Vierde term:

(vervolg) ←

Tekem:

Datum:



71b

Numeriese patrone: beskryf 'n patroon (vervolg)

d. 0; 4; 8; 12; ...

i)



ii)

Posisie in die ry	1	2	3	4
Waarde van term	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

iii) , waar n die posisie van die term is.




Eerste term:

Tweede term:

Derde term:

Vierde term:

Wat is die patroon?






e. 14; 25; 36; 47; ...

i)

ii)

Posisie in die ry	1	2	3	4
Waarde van term				



iii)




, waar n die posisie van die term is.

Eerste term:

Tweede term:

Derde term:

Vierde term:



Probleemoplossing

Wat is die 30^{ste} term as die n^{de} posisie $8(n) - 7$ is?





Tekem:

Datum:

Wat beteken inset en uitset? Maak 'n skets om 'n werklike voorbeeld te toon.




1. Voltooi die vloeiagramme.





2. Gebruik die gegewe reël om die waarde van b te bereken.



Voorbeeld:



$$b = a \times 4$$


- $2 \times 4 = 8$
- $3 \times 4 = 12$
- $4 \times 4 = 16$
- $5 \times 4 = 20$
- $7 \times 4 = 28$













3. Gebruik die gegewe reël om die onbekende veranderlike te bereken.

Voorbeeld:



$$b = a \times 2 + 3$$

- $4 \times 2 + 3 = 11$
- $6 \times 2 + 3 = 15$
- $7 \times 2 + 3 = 17$
- $8 \times 2 + 3 = 19$
- $9 \times 2 + 3 = 21$



Probleemoplossing

Teken jou eie vloedigram waar $a = b + 7$.
Teken jou eie vloedigram waar $a = b \times 2 + 11$.

Tekem:

Datum:

Bespreek die volgende:

Die reël is $y = x + 5$

x	1	2	3	10	100
y	6	7	8	15	105

$$y = 1 + 5 = 6$$

$$y = 2 + 5 = 7$$

$$y = 3 + 5 = 8$$

$$y = 10 + 5 = 15$$

$$y = 100 + 5 = 105$$

1. Voltooi nou self die tabelle.

a. $y = x + 2$

x	2	4	6	8	10	20
y						

b. $a = b + 7$

b	1	2	3	4	5	10
a						

c. $m = n + 4$

n	3	4	5	6	7	10	100
m							

d. $x = z \times 2$

z	2	3	4	5	6	7
x						

e. $y = 2x - 2$

x	1	2	3	4	5	6	7
y							

f. $m = 3n + 2$

n	1	5	10	20	25	100
m						

2. Wat is die waarde van m en n ?

Voorbeeld:

x	1	2	3	4		18	m	51
y	8	9	10	11		25	39	n

Die reël is: $y = x + 7$

Term 51: $y = 51 + 7$

$$y = 58$$

$$\therefore n = 58$$

Die reël is: $y = x + 7$

$$39 = x + 7$$

$$39 - 7 = x + 7 - 7$$

$$32 = x$$

$$\therefore m = 32$$

Reël: die gegewe term plus 7

$$n = 58 \text{ en } m = 32$$



a.

x	1	2	3	4		25	<i>m</i>	51
y	10	11	12	13		<i>n</i>	39	60

<i>n</i>	
----------	--

<i>m</i>	
----------	--

b.

x	1	2	3	4		<i>m</i>	30	60
y	2	4	6	8		22	<i>n</i>	120

<i>n</i>	
----------	--

<i>m</i>	
----------	--

c.

x	1	2	3	4		10	15	<i>m</i>
y	5	10	15	20		50	<i>n</i>	90

<i>n</i>	
----------	--

<i>m</i>	
----------	--

d.

x	1	2	3	4		7	<i>m</i>	46
y	13	14	15	16		19	24	<i>n</i>

<i>n</i>	
----------	--

<i>m</i>	
----------	--

e.

x	1	2	3	4		6	10	<i>m</i>
y	3	6	9	12		18	<i>n</i>	60

<i>n</i>	
----------	--

<i>m</i>	
----------	--

Probleemoplossing

- Wat is die tiende term in die patroon? (3×7 , 4×7 , 5×7 , ...)
- As $x = 2y + 9$ en $y = 2, 3, 4, 5, 6$, teken 'n tabel om die waardes van x en y aan te dui.

Tekem:

Datum:

Algebraïese uitdrukkings en vergelykings

Vergelyk die twee voorbeelde.

$$5 + 4$$

$$5 + 4 = 9$$

Wat let jy op?

Wat is links van die gelykaanteken?

Die linkerkant is 'n **uitdrukking**, $5 + 4$. Dit is gelyk aan die waarde van die uitdrukking 9.

Wat is aan die regterkant?

$5 + 4 = 9$ word 'n **vergekyking** genoem. Die linkerkant van 'n vergelyking is gelyk aan die regterkant.

'n Vergelyking is 'n wiskundige sin wat die gelykaanteken (=) gebruik om aan te dui dat twee uitdrukkings gelyk is.

1. Sê of dit 'n uitdrukking of 'n vergelyking is.

Voorbeeld: $8 + 3$ (Dit is 'n uitdrukking)

$8 + 3 = 11$ (Dit is 'n vergelyking)

a. $4 + 8$

b. $9 + 7 = 16$

c. $7 + 6$

d. $3 + 5 = 8$

e. $11 + 2$

f. $9 + 7$

2. Beskryf die volgende:

Voorbeeld: $6 + 2 = 8$

$6 + 2$ is 'n **uitdrukking**. Dit is gelyk aan die waarde aan die regterkant, 8. $6 + 2 = 8$ staan bekend as 'n **vergekyking**. Die linkerkant van 'n vergelyking is gelyk aan die regterkant.

a. $9 + 1 = 10$

b. $3 + 5 = 8$

c. $9 = 5 + 4$

d. $7 = 1 + 6$

e. $11 = 5 + 6$

f. $8 + 9 = 17$

3. Gebruik die veranderlike "a" om self 3 uitdrukkings te skep.

Voorbeeld: $5 + a$

4. Sê of dit 'n uitdrukking of 'n vergelyking is.

Voorbeeld: $8 + a$ (Dit is 'n uitdrukking.)

$8 + a = 11$ (Dit is 'n vergelyking.)

a. $5 + a$

b. $6 + a = 12$

c. $7 + b = 8$

d. $8 + b$

e. $9 + a = 18$

f. $6 + b$

5. Wat sal die waarde van "a" in vraag 4b en 4e wees? _____

6. Wat sal "b" in vraag 4c wees? _____

Probleemoplossing

Skryf 'n vergelyking vir die volgende. Ek het 12 lekkers. Phelo en ek het altesame 18 lekkers. Hoeveel lekkers het Phelo?

Tekem:

Datum:

1, 3, 5, 7, 9, ...

Beskryf die reël van hierdie getallery in **woorde**.

Tel 2 by die voorafgaande term.

Wat beteken die reël $2n - 1$ in die getallery 1, 3, 5, 7, 9, ...?

Posisie in die ry	1	2	3	4	5	n
Term	1	3	5	7	9	

1^{ste} term:
 $2(1) - 1$ 2^{de} term:
 $2(2) - 1$ 3^{de} term:
 $2(3) - 1$ 4^{de} term:
 $2(4) - 1$ 5^{de} term:
 $2(5) - 1$ n^{ste} term:
 $2(n) - 1$

Wat is die reël as 'n uitdrukking?

$2(n) - 1$

1. Beskryf die volgende in woorde.

Voorbeeld: 4, 8, 12, 16, 20, ...

Tel 4 by die voorafgaande patroon.

a. 3, 6, 9, 12, ...

b. 10, 20, 30, 40, ...

c. 7, 14, 21, 28, ...

d. 6, 12, 18, 24, ...

e. 8, 16, 24, 32, ...

f. 5, 10, 15, 20, ...

2. Beskryf die volgende ry deur 'n uitdrukking te gebruik.

Voorbeeld: 4, 8, 12, 16, 20, ... Eerste term: $4(1)$. Die n^{de} term is $4(n)$.

Posisie in die ry	1	2	3	4	5	n
Term	4	8	12	16	20	

a. 6, 11, 16, 21, ...

Posisie in die ry	1	2	3	4	5	n
Term						

b. 3, 5, 7, 9, 11, ...

Posisie in die ry	1	2	3	4	5	n
Term						

c. 9, 15, 21, 27, ...

Posisie in die ry	1	2	3	4	5	n
Term						

3. Wat beteken die reël? Gebruik dieselfde waardes vir posisie as in die voorbeeld.

Voorbeeld: Die reël $2n - 1$ beteken die volgende vir dié getallery: 1, 3, 5, 7, 9 ...

Posisie in die ry	1	2	3	4	5	n
Term	1	3	5	7	9	

a. Die reël $3n - 1$ beteken die volgende vir dié getallery.

Posisie in die ry						
Term						

b. Die reël $4n - 3$ beteken die volgende vir dié getallery.

Posisie in die ry						
Term						

c. Die reël $6n - 2$ beteken die volgende vir dié getallery.

Posisie in die ry						
Term						

d. Die reël $5n - 5$ beteken die volgende vir dié getallery.

Posisie in die ry						
Term						

e. Die reël $7n - 4$ beteken die volgende vir dié getallery.

Posisie in die ry						
Term						

Probleemoplossing

Skryf 'n algebraïese uitdrukking vir die volgende: Siphos het laas vakansie 3 keer meer legkaarte as ek gebou.

Tekem:

Datum:

Beskryf die reël vir hierdie getalry in **woorde**.

5, 9, 13, 17, 21, ...

Tel 2 by die voorafgaande term.

Wat beteken die reël $4n + 1$ vir die getalry?
5, 9, 13, 17, 21, ...

Eerste term: $4(1) + 1$
Tweede term: $4(2) + 1$
Derde term: $4(3) + 1$
Vierde term: $4(4) + 1$
Vyfde term: $4(5) + 1$
 n^{ste} term: $4(n) + 1$

Die reël as 'n **uitdrukking**

1. Beskryf die volgende in woorde.

Voorbeeld: 2, 6, 10, 14, 18, ...

Tel 4 by die voorafgaande getal.

a. 3, 5, 7, 9, ...

b. 5, 10, 15, 20, ...

c. 21, 18, 15, 12, ...

d. 99, 98, 97, 96, ...

e. 4, 8, 12, 16, ...

f. 7, 14, 21, 28, ...

2. Beskryf die volgende ry deur 'n uitdrukking te gebruik.

Voorbeeld: 2, 6, 10, 14, ...

$4(n) - 2$ want eerste term: $4(1) - 2$, tweede term: $4(2) - 2$, derde term: $4(3) - 2$, ...

a. 2, 4, 6, 8, 10, ...

b. 3, 5, 7, 9, 11, ...

c. 8, 16, 24, 32, ...

d. 5, 10, 15, 20, ...



3. As die reël ____ is, wat sal die ry wees?
Skep vyf moontlike antwoorde vir elk.

a. "Tel 7 by"

--	--	--	--

b. "Trek 9 af"

--	--	--	--

c. "Tel 5 by"

--	--	--	--

d. "Trek 8 af"

--	--	--	--

e. "Tel 5 by en trek dan 4 af"

--	--	--	--

Probleemoplossing


As die reël "tel 'n $\frac{1}{4}$ by" is, wat kan die ry wees? Skep vyf moontlike antwoorde.



Tekem:
Datum:

Kyk hierna en beskryf dit:

veranderlike		konstante
↙		↘
x	$+$	$23 = 45$
		↙
werking		gelykaanteken



Lees en beantwoord:

Gestel daar is 10 objekte met gelyke massa aan die regterkant van hierdie weegskaal, en aan die linkerkant is daar 4 soortgelyke objekte en 'n onbekende aantal ander objekte in 'n sak. Die skaal is gebalanseerd; dus weet ons dat daar 'n gelyke massa aan elke kant van die skaal moet wees.

Verduidelik hoe jy kan uitvind hoeveel objekte daar in die sak is.

1. Los op vir x .

Voorbeeld: $x + 5 = 9$
 $x + 5 - 5 = 9 - 5$
 $x = 4$

a. $x + 12 = 30$

b. $x + 8 = 14$

c. $x + 17 = 38$

d. $x + 20 = 55$

e. $x + 25 = 30$

f. $x + 18 = 26$

2. Los op vir x .

Voorbeeld: $x - 5 = 2$
 $x - 5 + 5 = 2 + 5$
 $x = 7$

a. $x - 7 = 5$

b. $x - 3 = 1$

c. $x - 15 = 12$

d. $x - 17 = 15$

e. $x - 23 = 20$

f. $x - 28 = 13$

3. Los op vir x .

Voorbeeld: $x + 4 = -7$

$$x + 4 - 4 = -7 - 4$$

$$x = -11$$

a. $x + 3 = -15$

b. $x + 7 = -12$

c. $x + 2 = -5$

d. $x + 5 = -15$

e. $x + 12 = -20$

f. $x + 10 = -25$

Probleemoplossing

Skrif 'n vergelyking vir die volgende en los dit op.

Jason het 7 boeke gelees en Gugu het 11 boeke gelees. Hoeveel boeke het hulle altesaam gelees?

Rebecca en haar maat het altesaam 29 boeke gelees. Rebecca het 14 boeke gelees. Hoeveel boeke het haar maat gelees?

Bongani koop 12 nuwe CD's en Sizwe koop 14. Hoeveel CD's het hulle altesaam gekoop?

Tekem:

Datum:

$2x = 30$

($2x$ beteken 2
vermenigvuldig met x)

Wat beteken $2x$?

Wat is die omgekeerde werking
van vermenigvuldiging?



Deling

Ons moet $2x$ deur 2 deel om vir x
op te los.

$$\frac{2x}{2} = \frac{30}{2}$$

$x = 15$

Onthou dat jy die twee kante van die
vergelyking gebalanseerd moet hou. Wat
jy aan die een kant van die gelykaanteken
doen, moet jy ook aan die ander kant doen.



1. Los op vir x .

Voorbeeld: $3x = 12$

$$\frac{3x}{3} = \frac{12}{3}$$

$x = 4$

a. $5x = 20$

b. $2x = 8$

c. $2x = 18$

d. $4x = 48$

e. $3x = 27$

f. $5x = 30$

g. $10x = 100$

h. $9x = 81$

i. $15x = 45$

j. $7x = 14$

2. Los op vir x .

Voorbeeld: $3x - 2 = 10$

$$3x - 2 + 2 = 10 + 2$$

$$\frac{3x}{3} = \frac{12}{3}$$

$$x = 4$$

a. $7x - 2 = 12$

b. $4x - 4 = 12$

c. $3x - 1 = 2$

d. $2x - 1 = 7$

e. $5x - 3 = 17$

f. $5x - 7 = 13$

g. $6x - 5 = 25$

h. $9x - 8 = 82$

i. $8x - 7 = 49$

j. $3x - 2 = 16$

Probleemoplossing

Skep 'n vergelyking en los dit op. Hoe gou kan jy dit doen?

Twee maal y is gelyk aan sestien.

Vyf maal c is gelyk aan vyg en sestig.

Agt maal x is gelyk aan sestien.

Sestien maal b is gelyk aan vier.

Agt maal t is gelyk aan tagtig.

Drie maal d is gelyk aan nege en dertig.

Nege maal q is gelyk aan een en tagtig.

Vyf maal y is gelyk aan honderd.

Sewe maal a is gelyk aan een en twintig.

Tekem:

Datum:

Wat beteken die volgende vergelykings?

$P = 4l$

Die omtrek van 'n vierkant is 4 maal die lengte.

$P = 2l + 2b$

Die omtrek van 'n reghoek is 2 maal die lengte plus 2 maal die breedte.

$A = l^2$

Die oppervlakte van 'n vierkant is die lengte tot die tweede mag verhef.

$A = l \times b$

Die oppervlakte van 'n reghoek is lengte maal breedte.

Let op dat jy omtrek en oppervlakte in die vorige kwartale behandel het.

1. Vervang en bereken.

Voorbeeld: As $y = x^2 + 2$, bereken y as $x = 4$

$y = 4^2 + 2$

$y = 16 + 2$

$y = 18$

a. $y = x^2 + 2; x = 4$

b. $y = b^2 + 10; b = 1$

c. $y = a^2 + 4; a = 4$

d. $y = r^2 + 3; r = 5$

e. $y = p^2 + 7; p = 6$

f. $y = c^2 + 7; c = 7$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: Wat is die omtrek van 'n reghoek as die lengte 2 cm en die breedte 1,5 cm is?

$P = 2l + 2b$

$P = 2(2 \text{ cm}) + 2(1,5 \text{ cm})$

$P = 4 \text{ cm} + 3 \text{ cm}$

$P = 7 \text{ cm}$

a. Die omtrek van 'n reghoek as die breedte gelyk is aan 2,2 cm en die lengte gelyk is aan 2,5 cm.

b. Die omtrek van 'n vierkant as die lengte gelyk is aan 3,5 cm.

c. Die omtrek van 'n vierkant as die breedte gelyk is aan 4,2 cm.

d. Die oppervlakte van 'n reghoek as die lengte 3,5 cm en die breedte 2,5 cm is.

e. Die oppervlakte van 'n vierkant as die lengte 5 cm is.

f. Die omtrek van 'n reghoek as die breedte 4,3 cm en lengte 8,2 cm is.

g. Die omtrek van 'n vierkant as die lengte 2,6 cm is.

h. Die omtrek van 'n reghoek as die breedte 8,5 cm en die lengte 12,4 cm is.

i. Die oppervlakte van 'n reghoek as die breedte 10,5 cm en lengte 15,5 cm is.

j. Die omtrek van 'n reghoek as die breedte 3,5 cm en die lengte 6,7 cm is.

Probleemoplossing

Skryf 'n vergelyking en los dit dan vir elk van die volgende op:

Wat is die omtrek van 'n reghoekige swembad as die breedte 12 m en die lengte 16 m is?

Bereken die oppervlakte van 'n vierkant as die een sy gelyk aan 5,2 cm is.

Wat is die omtrek van 'n reghoek as die lengte 5,1 cm en die breedte 4,9 cm is?

Bereken 'n reghoekige badkamervloer se oppervlakte vir nuwe teëls as die lengte 4,5 m en die breedte 2,8 m is.

Tekem:

Datum:


Interpretasie van grafieke: temperatuur- en tydgrafieke

Kyk na die grafiek en gesels daaroor.

Sou jy enige veranderinge aanbring of iets by die grafiek voeg?

Ons dorp se temperatuur


Titel



y-AS

x-AS

1. Tebogo hoor dat natuurliefhebbers die geluid van krieke gebruik om die temperatuur te skat. Die laaste keer wat hy gaan kamp het, het hy 'n termometer gekoop sodat hy data oor die aantal kriekgeluide (tjirps) per minuut ten opsigte van verskillende temperatuur kon versamel. Die eerste ding wat Tebogo gedoen het, was om die grafiek hierna te teken.





a. Wat is die temperatuur (benaderd) as die kriek ... tjirp:

- i. 120 keer? _____
- ii. 150 keer? _____
- iii. 160 keer? _____
- iv. 230 keer? _____
- v. 270 keer? _____



b. Tebogo tel 190 krietjtjrps per minuut. Wat sal die temperatuur wees?

c. Tebogo let op dat die getal krietjtjrps per minuut met 30 tjjrps per minuut afneem. Wat lei sy af oor die verandering in temperatuur?

d. Gebruik die woorde "toename" en "afname" om die grafiek te beskryf.






Tekem:

Datum:

vervolg

Interpretasie van grafieke: temperatuur- en tydgrafieke vervolg

2. Gemiddelde temperatuur per jaar vir Johannesburg, Kaapstad en Durban.



a. Wat is die gemiddelde maksimum temperatuur vir:

- Durban in Augustus _____
- Kaapstad in Julie _____
- Johannesburg in April _____
- Durban in Julie _____
- Kaapstad in September _____

b. Wat is die gemiddelde minimum temperatuur vir:

- Johannesburg in April _____
- Kaapstad in Oktober _____
- Johannesburg in September _____
- Durban in Maart _____
- Kaapstad in Julie _____




c. Wat is die verskil in maksimum temperatuur tussen:

- i. Durban en Johannesburg in April _____
- ii. Kaapstad en Durban in Oktober _____
- iii. Johannesburg en Kaapstad in Mei _____
- iv. Durban en Johannesburg in September _____
- v. Kaapstad en Johannesburg in April _____

d. Beskryf die grafieke deur die woorde “toename (toeneem)” en “afname (afneem)” te gebruik.

Probleemoplossing

Wat is die verskil tussen die minimum en maksimum temperature van Durban, Kaapstad en Johannesburg in Desember? Watter provinsie sou jy die graagste in Desember wou besoek? Hoekom?




Tekem:




Datum:

Interpretasie van grafieke: reënval- en tydgrafieke

Hoe lees jy die inligting en hoe interpreteer jy die grafieke op hierdie bladsy?



1. Kyk na die grafieke en beantwoord die volgende vrae:



a. Wat is die opskrif van elke grafiek?

b. Wat wys die x-as?

c. Wat wys die y-as?

d. Watter provinsie se gemiddelde reënval is die hoogste in Oktober?

e. Watter provinsie se gemiddelde reënval is die laagste in April?

f. Watter provinsie sou jy in Desember besoek? Hoekom?

g. Watter provinsie sou jy nie in Desember besoek nie? Hoekom nie?

h. Watter provinsie(s) het 'n winterreënseisoen? Hoekom sê jy so?

i. Watter provinsie(s) het 'n somerreënseisoen? Hoekom sê jy so?

j. Gebruik die woorde "toename" en "afname" om elke grafiek te beskryf.

2. Gebruik die grafieke om die volgende tabelle te voltooi.

Maande	Gemiddelde reënval		
	Johannesburg	Durban	Kaapstad

Ondersoek die reënval in jou eie dorp/stad

Wat is die hoogste reënval per jaar vir jou dorp? Watter maand? Teken dit aan tydens 'n maand met 'n hoë reënval en teken 'n grafiek om dit voor te stel.

Teken:


Datum:

Sam het aangeteken hoe plante groei. Bespreek.


Sou jy enige veranderinge maak of iets meer op die grafiek teken?




Lineêre vergelyking:
Die grafiek van 'n lineêre vergelyking is 'n reguit lyn.



Neem hierdie grafiek: toe of af?



1. Beantwoord die volgende vrae oor die beweging van 'n slak.



a. Hoe ver beweeg 'n slak in agt ure?

b. Hoe ver beweeg 'n slak in vier ure?
Hoe het jy die grafiek gebruik om dit uit te werk?

c. Hoe ver beweeg 'n slak in ses ure?
Hoe het jy die grafiek gebruik om dit uit te werk?


d. Hoe ver beweeg 'n slak in twee ure?
Hoe het jy die grafiek gebruik om dit uit te werk?

e. Hoe ver beweeg 'n slak in 9 ure? Hoe het jy die grafiek gebruik om dit uit te werk? Dui dit op die grafiek aan.

f. Hoekom is dit 'n lineêre grafiek?

g. Neem hierdie grafiek toe of af?

2. Die grafiek hieronder toon die afstand wat per motor van Bloemfontein na Kaapstad afgelê word.



Hoe lank het dit geduur om ____ km af te lê? Toon die koördinate op die grafiek en verduidelik dit. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Voorbeeld: 1000 km
Dit het tien ure geduur vir die persoon om 1000 km af te lê. Ons kan dit skryf as 1000 km oor 'n periode van tien ure.

a. 100 km

b. 500 km

c. 800 km

d. 750 km

e. 300 km

f. 250 km

3. Hoe ver het die persoon gereis in:

a. 1 uur

b. 1 uur 30 minute

c. 3 ure

d. 4 ure 30 minute

e. 5 ure

f. 2 ure 30 minute

Hoe lank het jy gereis?

Gebruik die grafiek getiteld "Reis van Bloemfontein na Kaapstad" om te bereken hoe lank dit sal duur om 275 km te reis.


Tekem:

Datum:

83a


Teken meer grafieke

Jy het alles aangeteken, maar vergeet om die minimum temperatuur aan te dui. Stip dit deur die inligting hieronder te gebruik.



Januarie: 20°C
 Februarie: 19°C
 Maart: 15°C
 April: 12°C
 Mei: 10°C
 Junie: 5°C
 Julie: 4°C
 Augustus: 6°C
 September: 9°C
 Oktober: 12°C
 November: 15°C
 Desember: 18°C

1. Beantwoord die vrae op die grafiek.





a. Wat is die grafiek se opskrif?


b. Wat is die skaal op die x-as?

c. Wat is die skaal op die y-as?

d. Wat stel die x-as voor?

e. Wat stel die y-as voor?

f. Wat stel die punte of stippels voor?



Tekem:

Datum:

vervolg

2. Gebruik die grafiekpapier op die volgende bladsy om hierdie tabel grafies voor te stel.

Maand	Maksimum	Minimum
J	30	16
F	29	17
M	28	14
A	26	12
M	24	8
J	21	6
J	21	5
A	22	6
S	24	8
O	25	12
N	26	13
D	28	15

Gebruik die hele bladsy om jou grafiek te teken.

Jy moet jou intervale noukeurig bepaal.



a. Wat sal jy op jou x-as skryf?


b. Wat sal jy op jou y-as skryf?

c. Wat sal die skaal van die y-as wees?

d. Wat sal die opskrif van jou grafiek wees?

e. Wat sal jou grafiek uitbeeld?

f. Beskryf die grafiek deur die volgende woorde te gebruik: toename of afname, lineêr of nie-lineêr.



Navorsing

Teken 'n grafiek wat die maandelikse maksimum en minimum temperature vir enige land behalwe Suid-Afrika aandui, vir enige jaar.



Tekem:

Datum:

Jy moet 'n grafiek met die volgende waardes teken. Hoe sal jy dit doen? Die maksimum waarde van die **y-as** is 24. Die maksimum waarde van die **x-as** is 60.


Die skaal kan soos volg wees:
5, 10, 15, 20, 25, 30, 35, 40, 45, 50, 55, 60

Die skaal kan soos volg wees:
2, 4, 6, 8, 10, 12, 14, 16, 18, 20, 22, 24



Hoekom is hierdie intervalle in 2's en nie in 1'e of 3's nie?


Hoekom is hierdie intervalle in 5'e en nie in 2's of 10'e nie?




1. In hierdie aktiwiteit moet jy die grafiekpapier gebruik om die skale van jou grafiek te teken. Bepaal die skaal vir die y-as en x-as.

Die maksimum waarde van die:


a. x-as is 45 en y-as is 24




b. x-as is 75 en y-as is 72



c. x-as is 40 en y-as is 30




d. x-as is 100 en y-as is 100




2. Teken die skale vir die volgende grafieke.


a. x-as: 0, 3, 6, 9, 12, 15 en
y-as: 0, 5, 10, 15, 20, 25, 30




b. x-as: 0, 4, 8, 12 en
y-as: 0, 10, 20, 30, 40, 50, 60



c. x-as: 0, 5, 10, 15, 20, 25, 30, 35, 40 en
y-as: 0, 20, 40, 60, 80, 100



d. x-as: 36, 48, 60, 72, 84 en
y-as: 2, 4, 6, 8, 10, 12, 14, 16, 18, 20



3. Knip 'n grafiek uit 'n koerant en plak dit hier. Beskryf die intervalle.


Om grafieke te teken

Teken 'n grafiek met 10 intervalle op die x-as en 12 intervalle op die y-as. Jy kan enige veelvoude gebruik om dit te benoem.


Teken:

Datum:


Bestudeer die grafieke. Verduidelik hulle.




Toeneem




Afneem



Konstant



Lineêr



Nie-lineêr

Kry 'n mens 'n nie-lineêre toenemende grafiek?

Kry 'n mens 'n nie-lineêre afnemende grafiek?

Kwartaal 3


1. Gebruik die data op die volgende tabelle om grafieke te teken. Beskryf elke grafiek deur die woorde "toenemend", "afnemend", konstant, lineêr en nie-lineêr te gebruik.

a. Thabo se spoedstapresultate.

Die tyd wat hy geloop het, is aangeteken ná 2, 4, 6, 8 en 10 km.






Km	Minute
2	20
4	40
6	60
8	80
10	100






Onthou jy nog?

Verduidelik elke transformasie.



1. Dui aan hoe elke figuur beweeg is. Skryf translasie, rotasie of refleksie.




2. Benoem elke diagram as 'n translasie, 'n refleksie of 'n rotasie van die oorspronklike vorm.

Voorbeeld:



Oorspronklike vorm










Rotasie



Translasie



Refleksie



3. Skep diagramme om aan te dui:

a. Rotasie

'n Rotasie is 'n transformasie wat punte beweeg; dus bly hulle dieselfde afstand van 'n vaste punt (die middelpunt van rotasie).

b. Refleksie

'n Refleksie is 'n transformasie wat dieselfde effek as 'n spieëlbeeld het.

c. Translasie

'n Translasie is die beweging van 'n objek na 'n nuwe posisie sonder om sy vorm, grootte of oriëntasie te verander. Wanneer 'n vorm getransformeer word deur dit na 'n nuwe posisie te skuif, sonder dat dit draai, is dit getransleer.

Probleemoplossing


Skep 'n diagram deur van refleksie, rotasie en translasie gebruik te maak.

Tekem:

Datum:



Rotasie: 'n rotasie is 'n transformasie wat punte beweeg sodat hulle dieselfde afstand van 'n vaste punt, die rotasiesentrum, bly.




Rotasiesimmetrie: 'n Figuur het rotasiesimmetrie as 'n buitelyn van die draaiende figuur by sy oorspronklike vorm pas.

Simmetrieorde: Dit is hoeveel keer 'n buitelyn in een volle rotasie met die oorspronklike ooreenstem.



Gebruik enige herwonne materiaal om die verskil tussen rotasie en rotasiesimmetrie te toon.



Rotasie in die natuur en in masjiene.



1. Kyk na die diagramme en verduidelik hulle in jou eie woorde.



Voorbeeld:

$\frac{1}{4}$ draai = 90°





Die papier het 'n kwart draai roteer, wat dieselfde as 90° is. Ons kan dit op 'n gradeboog aantoon.

a. $\frac{1}{2}$ draai = 180°







b. $\frac{3}{4}$ draai = 270°



c. 1 volle draai = 360°



2. Kyk na die sketse hieronder en verduidelik dit.

<p>a.</p>	<p>b.</p>
<p>c.</p>	<p>d.</p>

3. Voltooi die tabel hieronder deur elke vorm te roteer en die gerooteerde vorm te teken.

	90°	180°	270°	360°

Probleemoplossing


Ontwerp jou eie rotasies, met die rotasiemiddelpunt buite die vorm.

Tekem:


Datum:



'n Translasie is die beweging van 'n objek na 'n nuwe posisie sonder om van vorm, grootte of oriëntasie te verander.




Wanneer 'n vorm getransformeer word deur dit in 'n nuwe posisie te skuif, word daar gesê dat dit getransleer is.




1. Verduidelik elke translasie in jou eie woorde. Die oorspronklike vorm is ingekleur.


Voorbeeld:




Elke punt van die driehoek is vier vierkante na regs en vyf vierkante opwaarts getransleer.



a.




b.






c.




d.




2. Toon die volgende translasies op 'n ruitbord:


- a. Elke punt van die driehoek is vier vierkante na regs en vyf vierkante op getransleer.




- b. Elke punt van die reghoek is drie vierkante na links en drie vierkante op getransleer.




- c. Elke punt van die driehoek is vyf vierkante na regs en twee vierkante afwaarts getransleer.



- d. Elke punt van die vierkant is twee vierkante na regs en sewe vierkante op getransleer.



3. In wiskunde word die translasië van 'n objek sy **beeld** genoem. Beskryf die translasië hieronder.



Probleemoplossing

Spoor 'n getransleerde patroon in die natuur op en verduidelik dit in woorde.




Tekem:


Datum:

DEFINISIE

Refleksie: 'n refleksie is 'n transformasie wat dieselfde effek as 'n spieëlbeeld het.

**Reflektiewe simmetrie:**


'n Objek is simmetries wanneer een helfte 'n spieëlbeeld van die ander helfte is.




Kyk na die foto. Wat sien jy?




1. Hoeveel simmetrielyne het elkeen? Teken hulle.









2. Teken al die simmetrielyne vir elke figuur, waar van toepassing.





3. Die volgende ontwerp gebruik reflektiewe simmetrie. Die een helfte is 'n refleksie/spieëlbeeld van die ander helfte. Die twee helftes is presies dieselfde en pas perfek op mekaar as die ontwerp korrek gevou word. Hoeveel simmetrielyne is daar?



4. Toon 'n refleksi deur die gegewe geometriese figuur te gebruik. Onthou om die refleksielyne te toon.



5. Kyk na die refleksies en beskryf dit.



Probleemoplossing


Spoor 'n foto van refleksië in die natuur op.

Tekem:

Datum:

Kopieer elke transformasie op grafiekpapier en verduidelik dit dan in woorde.


Rotasie



Draai

Om om 'n **middelpunt** te **draai**. Die afstand van die middelpunt **na enige punt** op die vorm bly **dieselfde**. Elke punt maak 'n **sirkel om die middelpunt** (rotasie).


Refleksie



Omdraai of spieël

Dit is 'n **omdraaiing** oor 'n **lyn**. Elke punt is dieselfde afstand van die **middellyn**. Dit het dieselfde **grootte** as die **oorspronklike beeld**. Die vorm bly **dieselfde** (refleksie).

Translasie




Skuif

Dit beteken om te **beweeg** sonder rotasie, kanteling of verstelling. Elke punt van die vorm moet **dieselfde afstand** en in **dieselfde rigting** beweeg (translasie).

1. Beskryf elke diagram. Gebruik woorde soos “spieël”, “vorm”, “oorspronklike vorm”, “refleksielyn” en “vertikaal”.

Refleksie


a.



a.


Wanneer 'n vorm in 'n spieël gereflekteer word, is die refleksie dieselfde afstand van die refleksielyn as die oorspronklike vorm.

b.



b.


c.




c.

Rotasie


Gebruik woorde soos "geroteer" of "gedraai", "regsom", "linksom", "rotasiepunt" en "afstand".



d.




e.




f.

Translasie

Gebruik woorde soos "vorm", "skuif", "van een plek na 'n ander", "moenie draai nie", "links", "regs", "op", "af", ensovoorts.



g.



h.

Betrek jou familie

Teken jou eie vorm op blokkiespapier. Teken nou die volgende en beskryf die transformasie:

- refleksie
- rotasie
- translasie

Teken:

Datum:

Wanneer ons 'n ondersoek doen, behoort jy:

- genoeg tyd daaraan te bestee om probleme deeglik te ondersoek
- meer as een oplossing vir baie probleme te vind
- jou eie strategieë en benaderings te ontwikkel, gebaseer op jou kennis en begrip van wiskundige verhoudings
- uit 'n verskeidenheid konkrete materiale en toepaslike hulpbronne te kies
- jou wiskundige denkprosesse uit te druk deur te teken, te skryf en daaroor te praat.

1. Bewys dat die diagonaal van 'n vierkant nie gelyk is aan die lengte van enige van sy sye nie.

a. Wat weet ek? Maak 'n skets om elkeen van die volgende te toon.

Wat transformasie is (rotasie, refleksie en translasie).	Wat 'n vierkant is. 
Wat diagonale lyne van 'n vierkant is. 	Dat die lengte van al die sye van 'n vierkant gelyk is.

b. Wat wil ek doen?

Die lengte van 'n sy van 'n vierkant met die lengte van 'n diagonaal vergelyk.
Ek kan/moet rotasie, translasie en/of refleksie gebruik.

c. Wat moet ek voortbring? Maak 'n skets van elk.

Let op dat ons soms eers later aan iets dink; ons dink nie altyd uit die staanspoor aan alles nie. Mense sal dus verskillende antwoorde hê.

'n Refleksielyn	'n Rotasiepunt	'n Rooster waarop translasie gemeet kan word.
-----------------	----------------	---



d. Val weg

Jy sukkel dikwels en wil dalk tou opgooi. Dit is egter presies die oomblik waarop jy moet volhou en deur die frustrasie moet werk en alternatiewe idees moet ondersoek. Dit is die fase waarin jy aannames maak, data versamel, patrone ontdek en probeer om jou antwoorde te staaf.

Onthou om die inligting in a, b en c te gebruik.

e. Hersien

Gaan jou gevolgtrekkings of oplossings na, dink na oor wat jy gedoen het – die kern-idees en sleuteloomblikke.

Betrek jou familie


Deel hierdie ondersoek-ervaring met 'n familielid.



Tekem:

Datum:

Bestudeer hierdie diagram en bespreek.



Oranje reghoek

Die lengte = 5 Die wydte = 3

Blou reghoek


Die lengte = 10 Die wydte = 6

Die lengte van die **blou reghoek** is **twee maal** die lengte van die **oranje reghoek**.

Die wydte van die **blou reghoek** is **twee maal** die wydte van die **oranje reghoek**.

Die **oranje reghoek** is **twee maal** vergroot.

1. Gebruik die diagramme om die vrae te beantwoord.



a.	Blou vierkant Lengte = ____ Wydte = ____	Rooi vierkant Lengte = ____ Wydte = ____	Groen vierkant Lengte = ____ Wydte = ____
----	---	---	--

- b. Die lengte van die rooi vierkant is ____ maal die lengte van die blou vierkant.
Die wydte van die rooi vierkant is ____ die wydte van die blou vierkant.
Die rooi vierkant is ____ maal vergroot.
- c. Die lengte van die groen vierkant is ____ maal die lengte van die rooi vierkant.
Die wydte van die groen vierkant is ____ die wydte van die rooi vierkant.
Die groen vierkant is ____ maal vergroot.
- d. Die lengte van die groen vierkant is ____ maal die lengte van die blou vierkant.
Die wydte van die groen vierkant is ____ maal die wydte van die blou vierkant.
Die blou vierkant is ____ maal verklein.

2. Gebruik die diagramme om die vrae te beantwoord.

Blou reghoek
 Die lengte = ____
 Die wydte = ____


Rooi reghoek:
 Die lengte = ____
 Die wydte = ____

Groen reghoek:
 Die lengte = ____
 Die wydte = ____

In vergelyking met die:

- a. rooi reghoek is die blou reghoek ____ maal verklein.
- b. groen reghoek is die blou reghoek ____ maal verklein.
- c. blou reghoek is die rooi reghoek ____ maal vergroot.
- d. groen reghoek is die rooi reghoek ____ maal verklein.
- e. blou reghoek is die groen reghoek ____ maal vergroot.
- f. rooi reghoek is die groen reghoek ____ maal vergroot.

3. Teken 'n reghoek van 1 vierkant by 2 vierkant. Vergroot dit twee maal en vergroot dan die tweede reghoek ses maal. Maak 'n skets om jou antwoord te wys.




Probleemoplossing

Wat sal die omtrek van 'n reghoek van 20 mm by 40 mm wees as jy dit 3 maal vergroot?

Teken:

Datum:

Hoe weet jy hierdie figuur is 3 maal vergroot?




Ons sê die skaalfaktor is faktor 3.

Die skaalfaktor van klein na groot is 3.
Die skaalfaktor van groot na klein is $\frac{1}{3}$.


Kwartaal 3

